



Naspers Medical Fund
Annual General Meeting
2011



Fund Office

Naspers Medical Fund
17th Floor
Naspers Centre
40 Heerengracht
Cape Town
8001

Principal Officer

Janine Louw

Administrator

Discovery Health (Pty) Limited
155 West Street
Sandton
2146

External Auditor

PricewaterhouseCoopers (PwC)

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Hiermee word kennis gegee dat die Algemene Jaarvergadering van die Naspers Mediese Fonds gehou sal word op Woensdag, 29 Junie 2011, van 13:00 tot 14:00 te Nasdak, 26ste vloer, Naspers-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad.

Agenda

- Die Voorsittersverslag
- Verslag deur die Raad van Trustees
- Ouditeursverslag
- Finansiële Jaarstate soos op 31 Desember 2010 (afskrifte sal by die vergadering beskikbaar wees)
- Aanstelling van die ouditeur vir die 2011 finansiële jaar; en
- Bevestiging van die samestelling van die Geskillekomitee.

Die volgende dokumente word vir u aandag ingesluit:

- Notule van die vorige Algemene Jaarvergadering gehou op 30 Junie 2010
- Voorsittersverslag
- Verslag deur die Raad van Trustees
- Ouditeursverslag

Finansiële Jaarstate van die Fonds soos op 31 Desember 2010

Lede is welkom om die volledige stel Finansiële Jaarstate van ons webtuiste (www.nasmed.com of www.nasmed.co.za) af te laai of te lees. Indien dit nie vir u moontlik is nie, skakel gerus die Fonds se kantoor vir 'n stel finansiële state in 'n formaat wat u pas.

Al die Fonds se lede is welkom om die vergadering by te woon.

Vriendelike groete



Janine Louw

Naspers Mediese Fond

Notice of Annual General Meeting

Notice is hereby given that the Annual General Meeting of the Naspers Medical Fund will be held on Wednesday, 29 June 2011, from 13:00 to 14:00 at Nasdak, 26th Floor, Naspers Centre, 40 Heerengracht, Cape Town.

Agenda

- The Chairman's Report
- Report of the Board of Trustees
- Auditor's Report
- Annual Financial Statements of the Fund as at 31 December 2010 (copies will be available at the meeting)
- Appointment of the auditors for the 2011 financial year; and
- Confirmation of the composition of the Dispute Committee.

The following documents are attached for your attention:

- Minutes of the previous Annual General Meeting held on 30 June 2010
- Chairman's Report
- Report of the Board of Trustees
- Auditor's Report

Financial Statements of the Fund as at 31 December 2010

You are welcome to view or download the full set of Annual Financial Statements from our website at www.nasmed.com or www.nasmed.co.za. If for any reason this is not possible, please contact the office of the Fund to send you a set of financial statements in a suitable format.

All members of the Fund are welcome to attend the meeting.

Kind regards



Janine Louw
Naspers Medical Fund

Naspers mediese fonds

Notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op Woensdag, 30 Junie 2010 om 13:00 te 'Nasdak', 26ste Verdieping, Naspers-Sentrum, Kaapstad

1. OPENING

Dr G M Coetzee, die voorsitter, verwelkom alle lede teenwoordig.

Die voorsitter vra die lede teenwoordig of Afrikaans as die voorkeurtaal aanvaar kan word vir die vergadering. Die lede aanvaar die versoek. Die voorsitter voeg by dat die agenda ook in Engels beskikbaar gestel is op die keersy van die kennisgewingboekie wat uitgedeel is.

Kennis word geneem dat 'n kworum aanwesig is.

Die voorsitter verklaar die vergadering as behoorlik gekonstitueer en open die vergadering.

2. KENNISGEWING

Die kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering, wat vooraf versprei is en ook by die vergadering uitgedeel is, word as gelees beskou.

3. GEWONE BESLUIE

Die voorsitter stel aan lede die volgende besluite. Lede word genooi om vrae ten opsigte van enige besluit te vra en die voorsitter versoek dat daar by wyse van handopsteking gestem word.

3.1 Voorsittersverslag

Die voorsittersverslag, wat vooraf versprei is en ook by die vergadering uitgedeel is, word as gelees beskou. Geen vrae word geopper nie.

3.2 Verslag deur die Raad van Trustees

Die verslag deur die Raad van Trustees soos op 31 Desember 2009, wat vooraf versprei is en ook by die vergadering uitgedeel is, word as gelees beskou. Geen vrae word geopper nie.

3.3 Ouditeursverslag

Die Ouditeursverslag soos op 31 Desember 2009, wat vooraf versprei is en ook by die vergadering uitgedeel is, word as gelees beskou. Geen vrae word geopper nie.

3.4 Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2009

Die finansiële jaarstate soos op 31 Desember 2009, wat vooraf op die Fonds se webtuiste beskikbaar gestel is en ook by die vergadering uitgedeel is, word as gelees beskou. Die voorsitter stel aan die vergadering dat die Fonds se rekenmeester, mnr Chad Muscat, voorbereid is om 'n oorsigtelike verslag van die finansiële state te lewer en vra of daar so 'n behoefte is. Die lede teenwoordig dui aan dat dit nie nodig is nie. Geen vrae word geopper nie.

3.5 Aanstelling van die ouditeure vir die 2010 Finansiële Jaar

Die voorsitter bevestig dat die Oudit- en Risikobestuurskomitee aanbeveel dat die vergadering die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers as die ouditeure vir die tydperk tot na afloop van die volgende algemene jaarvergadering goedkeur. Die fondslede teenwoordig keur die voorstel goed.

Die voorsitter bedank die ouditeure vir hul volgehoue pligsgetroue diens aan die Naspers Mediese Fonds.

4. SAMESTELLING VAN DIE GESKILKOMITEE

Daar word bevestig, en gevolglik deur die teenwoordige lede aanvaar, dat daar in die geval van 'n geskil teen die Fonds 'n komitee uit onafhanklike persone verkies sal word, met dien verstaande dat ten minste een persoon in die komitee regsagtergrond moet hê en dat een ander persoon kennis van die aard van die geskil sal hê.

5. TRUSTEEVERGOEDING

Die voorsitter doen verslag van 'n vorige besluit deur die trustees om alle afgetrede lidverkose trustees te vergoed vir hul betrokkenheid by die Raad asook enige subkomitees. Die lede teenwoordig neem kennis dat die vergoeding een maal per jaar betaal word en gebaseer word op die vlak van betrokkenheid.

Die voorsitter bevestig dat alhoewel die inligting per abuis nie apart uiteengesit word in die jaarstate nie, Mnr FJ Wiese, ook teenwoordig by die Algemene Jaarvergadering, die eerste afgetrede lidverkose trustee is en dat hy gevolglik vir die 2009 finansiële jaar vergoeding van R10 000.00 betaal is. Die vergadering word verder ingelig oor die besluit om hierdie bedrag te verhoog na R15 000.00 vir die 2010 finansiële jaar, aangesien mnr Wiese deur die Raad van Trustees versoek is om in verskeie van hul subkomitees, naamlik die Oudit- en Risikobestuurskomitee, die Beleggingssubkomitee en die N Opsies Bestuurskomitee, te dien. Mnr Wiese se ervaring in finansies en ook in die algemene bestuur van die Fonds word as 'n bate beskou en hy word bedank vir sy bereidwilligheid om betrokke te wees by die Fondsbestuur. Die vergadering neem hiervan kennis.

6. ALGEMEEN

Geen sake is vooraf ingedien vir bespreking nie en geen kwessies is tydens die vergadering geopper nie.

Die voorsitter bedank mev Louw en haar span vir die goeie bestuur van die Fonds en goeie dienslewering aan lede, veral in die moeilike omstandighede wat ondervind word met die verandering in voordele wat op 1 Januarie 2010 ingetree het.

Mnr De Vries, van Alexander Forbes Health se aktuariële span, word bedank vir sy en die res van die span se advies en aktuariële werk met betrekking tot die bydraes en voordelestruktuur ten einde die Fonds te steun in sy strewe na lewensvatbaarheid en terselfdertyd die lewering van gehaltevoordele teen 'n billike bydrae.

7. VERDAGING

Die voorsitter bedank almal vir hul teenwoordigheid.

Die vergadering verdaag om 13:20.

VOORSITTER
(Kaapstad)

Datum



Inhoud/Contents

Voorsitter se verslag ten opsigte van die 2010 finansiële jaar	7
Chairman's report in respect of the 2010 financial year	11
Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010	15
Report of the Board of Trustees for the year ended 31 December 2010	28
Independent Auditor's report	41

Voorsitter Se Verslag ten opsigte van die 2010 finansiële jaar

Die Naspers Mediese Fonds streef om uitstekende voordele teen die mees bekostigbare bydraevlakke aan sy lede te verskaf. Oor die afgelope twee jaar het die Fonds 'n aansienlik groter as verwagte styging in eisbesteding en gepaardgaande daling in reserwes ondervind. Verskeie veranderings moes aangebring word om toekomstige volhoubaarheid te verseker. Die beduidendste veranderings was nodig ten opsigte van die N Opsie Plus, met ingang van 1 Januarie 2010. Die Fonds se drie voordeelopsies bly egter hoogs mededingend in vergelyking met die mark. Die veranderings het die gewenste uitwerking gehad en die trustees is van oordeel dat die Fonds finansiële goed op dreef is.

Finansiële oorsig

Die finansiële state van die Naspers Mediese Fonds vir die jaar 2010 toon 'n netto surplus (ná beleggingsinkomste) van R11.4 miljoen. Dit is 'n beduidende verbetering teenoor die netto tekort van R12.3 miljoen in 2009. Die netto resultaat vir elke voordeelopsie is soos volg:

Voordeelopsie	2010	2009
M-Med Opsie	R1 211 378	R529 700
N Opsie Plus	R7 462 289	(R13 447 749)
N Opsie Basies	R2 745 486	R644 930

Die resultate kan soos volg opgesom word:

- Die M-Med Opsie het steeds bevredigend presteer, hoewel koste-inflasie gestyg het as gevolg van 'n groter getal hospitaalse waarby hoër bedrae betrokke was. Eisvlakke sal in die toekoms dopgehou moet word.
- Die N Opsie Plus se finansiële posisie het aansienlik verbeter teenoor dié van die 2009-voordeeljaar. Die eiseondervinding het gestabiliseer en die opsie toon weer 'n klein netto surplus. Die meeste van die Fondslede behoort aan die N Opsie Plus en daarom is dit uiters belangrik dat hierdie opsie selfonderhoudend moet wees.
- Die N Opsie Basies se ledetal het in 2010 aansienlik gegroei. 'n Toename in die getal hoër inkomsteverdieners wat aan hierdie opsie behoort, het gelei tot 'n addisionele styging in bydrae-inkomste. Hierdie opsie het die afgelope drie jaar 'n netto surplus getoon en in 2010 die tendens voortgesit. Die betreklik klein ledetal van hierdie opsie beteken egter dat die eiseondervinding van jaar tot jaar aansienlik wissel. 'n Paar hoëkoste-insidente kan 'n beduidende uitwerking op die algehele netto resultaat vir die opsie hê.

Voorsitter Se Verslag ten opsigte van die 2010 finansiële jaar

Bogenoemde het daartoe gelei dat die Fonds se solvensievlak (opgehoopte fondse as 'n persentasie van bruto jaarlikse bydraes) gestyg het, van 51.5% teen die einde van 2009 tot 57.7% teen die einde van 2010. Die solvensievlak bly onder die teiken van 60% wat die trustees gestel het nadat hulle die grootte en profiel van die Fonds in ag geneem het. Die Raad het egter 'n plan van 3 tot 5 jaar in werking gestel om die solvensieverhouding tot aanvaarbare vlakke te verhoog. Danksy die sterk finansiële prestasie in 2010 was die solvensieverhouding teen einde 2010 beter as verwag en aansienlik hoër as die 25% wat deur die gewysigde Wet op Mediese Skemas, Nr. 131 van 1998 vereis word.

Die trustees hersien gereeld nie-gesondheidsorguitgawes om seker te maak dat dit nie van bedryfstandaarde afwyk nie en dat dit in verhouding is met die waarde en diens wat die Fonds en sy administrateurs aan lede van die Fonds lewer. Die Naspers Mediese Fonds se totale nie-gesondheidsorguitgawes (administrasie- en bestuursorg-gelde, netto waardedalingsverliese en ander bedryfsuitgawes ingesluit) was 10.4% as 'n persentasie van bruto bydraes in 2010, laer as die 10.6% van 2009 en in ooreenstemming met bedryfstandaarde.

Totale lidmaatskap van die Naspers Mediese Fonds het gedurende die jaar met 11.9% (765 lede) gestyg, van 6 444 tot 7 209 hooflede teen die einde van 2010. Hierdie verandering is hoofsaaklik aan veranderinge in die deelnemende werkgewer se personeelkorps toe te skryf.

Bestuurstoestig en voldoening

Trustees

Die trustees bestuur die Naspers Mediese Fonds in ooreenstemming met die Fondstreëls en die bepalings van die Wet op Mediese Skemas. Hulle is wettiglik verplig om in die belang van alle lede op te tree en behoorlike bestuurstoestig oor die Fonds te verseker. Die helfte van die trustees word deur en vanuit die Fonds se lede gekies, soos bepaal deur die Wet op Mediese Skemas.

Teen jaareinde was die trustees deur lede verkies en deur die maatskappy benoem soos volg:

Lidverkose trustees

Mnr F Wiese

Mnr E Naude

Me L van der Merwe

Me S Erasmus

Mnr P Hart Davis

Me C Reed

Voorsitter Se Verslag ten opsigte van die 2010 finansiële jaar

Maatskappybenoemde trustees

Mnr J Pieterse (Voorsitter)

Mnr N Marais

Mnr O Lalbahadur

Me H Hopkins

Mnr R Lake

Me K Hofmeyr

Oudit- en risikobestuurskomitee

Die oudit- en risikobestuurskomitee tree onafhanklik van die trustees op en verseker dat die belange van lede beskerm word met betrekking tot die finansiële verslagdoening van die Fonds en dat die interne beheermaatreëls voldoende is. Die Fonds se eksterne ouditeur, die lede van die oudit- en risikobestuurskomitee en die fondsadministrateur se interne ouditeur speel deurlopend 'n moniterende rol om te verseker dat die Naspers Mediese Fonds aan al die statutêre en wetlike vereistes voldoen.

Regsomgewing

Die trustees bly deurlopend op hoogte van ontwikkelinge en kwessies wat die mediese skema-omgewing raak. Hulle oorweeg en beoordeel gereeld die invloed wat voorgestelde wetgewing en regulasieveranderinge op die Naspers Mediese Fonds kan hê, om te verseker dat die Fonds betyds op sulke veranderings sal kan reageer.

Daar was in die 2010-voordeeljaar 'n aantal wets- en regulasie-aanpassings wat die Fonds beïnvloed het:

- Die skraping van die Verwysingspryslys het meegebring dat die Fonds sy eie tariefstruktuur moes skep.
- Die groter fokus op die betaling van Voorgeskrewe Minimum Voordele en onsekerheid oor die korrekte interpretasie van wetgewing in hierdie verband, het die trustees genoop om die Fonds se verskafferooreenkomste te hersien om deurlopende voldoening aan die Wet te verseker.
- Veranderinge in die wetlik bepaalde resepteringsfooistruktuur van aptekers en resepterende dokters het meegebring dat geproekteerde medisynekoste deur die bank gestyg het. Hierdie stygings word deur onderhandeling met verskaffers en kontraktering bestuur.

Die trustees is ook bewus van onlangse ontwikkelinge in die voorgestelde Nasionale Gesondheidsversekering en wag op verdere inligting van die regering. Die Raad van Trustees ondersteun in beginsel die poging om 'n gesondheidsorgstelsel te skep wat meer teoanklik en bekostigbaar vir alle Suid-Afrikaners is.

Voorsitter Se Verslag ten opsigte van die 2010 finansiële jaar

Ten slotte

Die trustees streef steeds tevredenheid onder lede en goeie bestuurstoetsig na. Dit is verblydend om te kan meld dat die Naspers Mediese Fonds weereens aan die nodige regulasies en wetgewing voldoen het.

Die Fonds is nou in 'n redelik sterk finansiële posisie. Die voordele wat deur die drie opsies gebied word, bly hoogs mededingend en bekostigbaar in vergelyke dié van mediese skemas in die mark. Onlangse onafhanklike navorsing het getoon dat die Naspers Mediese Fonds se voordele ooreenstem met dié van oop mediese skemas, maar teen bydraevlakke wat in sommige gevalle tot 20% laer as dié van vergelykbare oop mediese skemas is. Die Raad van Trustees sal steeds op die gesondheidsorg behoeftes van Fondslede fokus en aan hierdie behoeftes aandag gee waar dié nodig en moontlik is.

Erkenning en dank

Namens die Fonds spreek ek graag ons opregte dank teenoor die volgende persone vir hul belangrike bydraes gedurende die afgelope jaar uit:

- Al ons lede vir hul volgehoue ondersteuning;
- Ons hoofbeampte, me Janine Louw, en haar bestuurspan;
- Die interne administrasie personeel van die N Opsie Plus en N Opsie Basies, en Discovery Health, ons eksterne administrateur van die M-Med Opsie;
- Die trustees en bestuurskomiteelede vir hul tyd en toewyding;
- Ons gesondheidsorgkonsultant en aktuaris in hierdie tydperk, Alexander Forbes Health (Edms) Bpk, vir ondersteuning en advies;
- Ons beleggingskonsultant, Jacques Malan Konsultante en Aktuarisse, vir advies;
- Ons verskillende derdeparty bestuurdesorg-organisasies, naamlik die Medical Services Organisation (MSO), Mediscor, Medikredit, LifeSense en die Sentrum vir Diabetes en Endokrinologie;
- Die Fonds se eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers;
- Die Registrateur van Mediese Skemas en sy personeel; en
- Al ons lede se gesondheidsorg diensverskaffers.

Koos (JJ) Pieterse
Voorsitter

Chairman's Report in respect of the 2010 financial year

The Naspers Medical Fund strives to provide excellent benefits to its members at the most affordable contribution levels. Over the past two years, the Fund experienced a significantly higher than expected increase in claims expenditure and thus a decrease in reserves. Various changes were required to ensure future sustainability. The most significant changes required were on the N Option Plus with effect from 1 January 2010. The Fund's three benefit options, however, remain highly competitive when compared to the market. The changes had the desired effect and the trustees believe that the Fund is financially well on track.

Financial Overview

The financial statements of the Naspers Medical Fund for the year 2010 reflect a net surplus (after investment income) of R11.4 million, a vast improvement on the net deficit of R12.3 million in 2009. Per benefit option, the net results are as follows:

Benefit option	2010	2009
M-Med Option	R1 211 378	R529 700
N Option Plus	R7 462 289	(R13 447 749)
N Option Basic	R2 745 486	R644 930

The results can be summarised as follows:

- The M-Med Option continued to perform satisfactorily, although cost inflation had increased due to an increased number of higher value hospital claims. Claim levels will have to be monitored in future.
- The financial position of N Option Plus has improved significantly compared to that of the 2009 benefit year. The claims experience has stabilised and this option is again generating a small net surplus. Most members of the Fund participate in the N Option Plus. It is therefore of critical importance that this option is self-sustainable.
- The N Option Basic membership has again increased significantly in 2010. An increase in the number of higher income earners participating on this option has resulted in an additional increase in contribution income. The option has been generating net surpluses during the past three years and continues to do so in 2010. However, the relatively small number of members participating on this option means that the claims experience varies significantly from year to year. A small number of high cost incidents could have a significant effect on the overall net result for the option.

Chairman's Report in respect of the 2010 financial year

The above resulted in the Fund's solvency level (accumulated funds as a percentage of gross annual contributions) increasing from 51.5% at the end of 2009 to 57.7% at the end of 2010. The solvency level remains below the targeted level of 60% set by the Trustees, considering the size and profile of the Fund. However, the Board implemented a three to five year plan to increase the solvency ratio to acceptable levels. The strong financial performance in 2010 has resulted in the solvency ratio at the end of 2010 being better than planned and significantly greater than the 25% required by the amended Medical Schemes Act 131 of 1998.

The Trustees regularly review non-healthcare expenses to ensure that these are not out of line with the industry norms and are commensurate with the value and service that members receive from the Fund and its administrators. The Naspers Medical Fund's total non-healthcare expenses (including administration and managed care fees, net impairment losses and other operating expenses) were 10.4% as a percentage of gross contributions in 2010, lower than the 10.6% in 2009 and in line with industry norms.

Total membership of the Naspers Medical Fund increased by 11.9% (765 members) during the year, from 6 444 to 7209 principal members by the end of 2010. This change in membership is mainly as a result of changes in the participating employer's workforce.

Governance and compliance

Trustees

The Trustees manage the Naspers Medical Fund in accordance with the Scheme Rules and the provisions of the Medical Schemes Act. They have a legal duty to act in the interests of all members and to ensure proper governance of the Scheme. As prescribed by the Medical Schemes Act, half of the Trustees are elected by and from amongst the Fund's members.

At year-end, the member-elected and company-appointed Trustees were:

Member-elected trustees

Mr F Wiese

Mr E Naude

Ms L van der Merwe

Ms S Erasmus

Mr P Hart Davis

Ms C Reed

Chairman's Report in respect of the 2010 financial year

Company-appointed trustees

Mr J Pieterse (Chairman)
Mr N Marais
Mr O Lalbahadur
Ms H Hopkins
Mr R Lake
Ms K Hofmeyr

Audit and Risk Management Committee

The Audit and Risk Management Committee acts independently of the Trustees, ensuring that the interests of members are protected in relation to financial reporting of the Fund and that the internal controls are adequate. The Fund's external auditors, the members of the Audit and Risk Management Committee and the administrators' internal auditors have an ongoing role in monitoring compliance to ensure that the Naspers Medical Fund meets all the statutory and regulatory requirements.

Legislative environment

The trustees keep up to date with developments and issues affecting the medical schemes environment. They regularly consider and assess the impact that any proposed legislative and regulatory changes could have on the Naspers Medical Fund to ensure it is able to respond to such changes timeously.

The 2010 benefit year has seen a number of legislative and regulatory changes which have had an impact on the Fund:

- The scrapping of the Reference Price List has resulted in the Fund having to create its own tariff structure;
- The increased focus on the payment of Prescribed Minimum Benefits and uncertainty around the correct interpretation of Prescribed Minimum Benefit legislation has prompted the Trustees to review the Fund's provider arrangements to ensure ongoing compliance to the Act;
- Changes in the legislated dispensing fee structure of pharmacists and dispensing doctors has resulted in an overall increase in projected medication costs. These increases are managed through provider negotiations and contracting.

The Trustees are also aware of recent developments around the proposed National Health Insurance and are awaiting further information from government. The Board of Trustees supports, in principle, a drive towards a more accessible and affordable healthcare system for all South Africans.

Chairman's Report in respect of the 2010 financial year

Concluding remarks

The trustees remain committed to member satisfaction and sound governance. We are pleased to inform members that the Naspers Medical Fund has again materially complied with the relevant regulations and legislation.

The Fund is now in a relatively strong financial position. The benefit offerings of all three options remain highly competitive and affordable when compared to the open medical schemes market. Recent independent studies have shown that the Naspers Medical Fund offers benefits similar to those offered by open medical schemes, but at contribution levels which are in some instances lower than those of comparable open medical schemes. The Board of Trustees will continue to focus on the healthcare needs of the Fund's members and will address these healthcare needs where necessary and possible.

Record of appreciation

On behalf of the Fund, I express sincere thanks to the following persons for their significant contributions during the past year:

- All our members for their continued support;
- Our Principal Officer, Ms Janine Louw, and her management team;
- Staff at the in-house administration of the N Option Plus and N Option Basic, and Discovery Health, our external administrator of the M-Med Option;
- The trustees and management committee members for their time and commitment;
- Our healthcare consultants and actuaries during the period, Alexander Forbes Health (Pty) Ltd, for their support and advice;
- Our investment consultants, Jacques Malan Consultants and Actuaries, for their advice;
- Our various third-party managed care organisations, namely Medical Services Organisation, Supplementary Health Services, Mediscor, Medikredit, LifeSense, Centre for Diabetes and Endocrinology;
- The Scheme's external auditors, PricewaterhouseCoopers;
- The Registrar of Medical Schemes and his staff; and
- All our members' healthcare service providers.

Koos (JJ) Pieterse
Chairman

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

Die Raad van Trustees bied hiermee sy verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010.

1. BESKRYWING VAN DIE MEDIESE FONDS

1.1 Registrasievoorwaardes

Die Naspers Mediese Fonds is geregistreer ingevolge die Wet op Mediese Skemas, Nr. 131 van 1998, soos gewysig. Dit is 'n geslote fonds waarvan lidmaatskap tot werknemers van Naspers Beperk en sy geaffilieerde maatskappye beperk is.

Registrasienommer: 1241

1.2 Voordeelsies binne die Naspers Mediese Fonds

Naspers Mediese Fonds bied drie voordeelsies aan werknemers van Naspers Beperk en sy geaffilieerde maatskappye, naamlik:

- N Opsie Plus
- N Opsie Basies
- M-Med Opsie

1.3 Administrasie van voordeelsies

Die administrasie van die M-Med Opsie is uitkontraakteer aan Discovery Health. N Opsie Plus en N Opsie Basies is gedurende die oorsigtydperk deur die Fonds self geadministreer. Die interne administrasieëling van die N Opsie Plus en N Opsie Basies is in September 2010 deur die Raad van Trustees hersien, en daar is besluit dat Discovery Health vanaf 1 Januarie 2011 ook die administrasie van beide die N-opsies sou behartig.

Die bestuurdesorgdienste vir die M-Med Opsie is voorheen deur Discovery Health gelewer, en vir N Opsie Plus en N Opsie Basies deur verskeie ander eksterne verskaffers. Die Raad van Trustees het hierdie reëling vir die N Opsie Plus en N Opsie Basies in September 2010 hersien en vanaf 1 Januarie 2011 word die diens vir al drie opsies deur Discovery Health gelewer.

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

1.4 Spaarplan

Twee van die Naspers Mediese Fonds se voordeelreeks sluit 'n spaarrekeningfasiliteit in. Hierdie fasiliteit bied dekking vir daaglikse uitgawes soos deur die Fonds se reëls bepaal word.

Onbestede bedrae van vorige jare word in 'n lid se spaarfasiliteit opgehoop as 'n langtermynvoordeel vir die lid. Hierdie bedrae is terugbetaalbaar wanneer 'n lid die Fonds verlaat of oorgaan na 'n ander opsie binne die Fonds wat nie 'n spaarfasiliteit het nie. Die geld word vier maande ná die datum van verandering oorgeplaas. Die positiewe saldo van 'n lid se spaarfasiliteit verdien rente teen 'n koers wat deur die Raad van Trustees bepaal word.

Indien 'n lid se spaarfasiliteit 'n negatiewe saldo het, word dit as 'n finansiële las in die finansiële state weerspieël en is dit terugbetaalbaar ingevolge Regulasie 10 van die Wet.

Besonderhede vir elk van die opsies volg.

N Opsie Plus

15% van die lid se totale jaarlikse bydrae word aan die spaarfasiliteit toegewys. Die volle spaartoewysing vir die jaar is vanaf 1 Januarie aan die lid beskikbaar. Geen rente word gehef op spaarfondse wat vooruit aan lede beskikbaar gestel word nie.

M-Med Opsie

25% van die lid se totale jaarlikse bydrae word aan die spaarfasiliteit toegewys. Die volle spaartoewysing vir die jaar is vanaf 1 Januarie aan die lid beskikbaar. Geen rente word gehef op spaarfondse wat vooruit aan lede beskikbaar gestel word nie.

N Opsie Basies

Hierdie opsie het nie 'n spaarfasiliteit nie.

1.5 Risiko-oordragreëlings

Geen risiko's is herverseker nie.

Die Fonds het 'n kapitasie-ooreenkoms met die Sentrum vir Diabetes en Endokrinologie aangegaan om gedurende die hele jaar dienste aan die Fonds se lede op die M-Med Opsie te lewer.

Die Raad van Trusteese verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

2. BESTUUR

2.1 Raad van Trusteese

Die volgende persone het gedurende die oorsigjaar in die Raad van Trusteese gedien en die trusteevergaderings en subkomiteevergaderings bygewoon:

Teenwoordig of genooi	Nota	Raad van Trusteese	Oudit- en risikobestuurskomitee				Belegging-subkomitee	N Opsie bestuurskomitee				M-Med Opsie bestuurskomitee			
		21 Apr	27 Sep	14 Apr	1 Sep	27 Aug	7 Apr	13 Sep	16 Sep	10 Feb	19 Mei	23 Sep			
Werkgewerbenoemde trusteee															
Dr G Coetzee		✓	✓	✓ ¹	x ¹	✓	✓	✓	x						
Mnr J Pieterse		x ¹	✓			✓	✓	x	✓						
Mnr I Barnes		✓	✓				✓	✓ ⁴	x						
Mnr N Marais		✓	✓			✓	x	✓	x						
Me K Hofmeyr			✓ ¹					✓ ¹	✓						
Mnr O Lalbahadur		x	x				✓	✓	x						
Me H Hopkins		✓	✓	✓ ¹	✓ ¹	✓ ²				✓	✓	✓			
Mnr R Lake		✓	✓	✓	x					✓	✓	✓			
Lidverkose trusteee															
Mnr E Naude		✓	✓				✓	✓	✓						
Me L van der Merwe		✓	✓				✓	✓	✓						
Mnr F Wiese		✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓						
Me S Erasmus		✓	x				✓	✓	✓						
Me C Reed		✓	x							✓	✓	✓			
Mnr P Hart-Davis		x	✓							✓	x	✓			
Ander															
Mr G Altini				✓	✓										
Mr A Hugo				✓	✓										
Mr R Jansen				✓	✓										

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

Teenwoordig of genooi	Nota	Raad van Trustees	Oudit- en risikobestuurskomitee				Belegging- subkomitee	N Opsie bestuurskomitee			M-Med Opsie bestuurskomitee		
		21 Apr	27 Sep	14 Apr	1 Sep	27 Aug	7 Apr	13 Sep	16 Sep	10 Feb	19 Mei	23 Sep	
Mnr F Sulaiman										✓	✓	✓	
Mnr N Meyer						✓				✓	✓	✓	
Me G Kisbey-Green										✓	x	✓	
Mnr C O'Reilly										✓	✓	✓	
Me P Scholtemeyer										x	✓	✓	
Mnr B Gillham										✓	✓	✓	
Mnr M Davids										✓	✓	✓	
Mnr A Gill										✓	✓	✓	
Mnr C Voskuil	2	x	x							✓	✓	✓	
Mnr P Nicholson	3	x	x							✓	✓	✓	
Mnr R van der Westhuizen	4	x	x										
Me A Smith	4	x	x	x	✓			x	x	x			
Me L Klink	4		x						x	✓			
Me L Vayej	5	x	x					x	x	x			
Mnr M Mulder	5	x	x					x	x	x			
Mnr G Owen	5	x	x					x	x	x			
Mnr H Stander	5	x	x					x	x	x			
Getal gesirkuleerde vergaderings gehou / besluite geneem:		5	2			1		2			1		

Aantekeninge:

¹ Op uitnodiging

² Plaasvanger vir M-Med Opsie Werkgewertrustee

³ Plaasvanger vir M-Med Opsie Lidtrustee

⁴ Plaasvanger vir N Opsies Werkgewertrustee

⁵ Plaasvanger vir N Opsies Lidtrustee

■ Hoef nie by te woon nie / Nie 'n lid van die betrokke komitee nie

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

2.2 Hoofbeampte

Me J Louw

2.3 Geregistreerde kantooradres

17de Verdieping
Naspers-sentrum
Heerengracht 40
Kaapstad
8001

2.4 Fondsadministrateurs

Op 31 Desember 2010

N Opsie Plus en N Opsie Basies
Naspers Mediese Fonds
Posbus 2271
Kaapstad
8000

M-Med Opsie
Discovery Health
Posbus 784262
Sandton
2146

Vanaf 1 Januarie 2011

Alle opsies: N Opsie Plus, N Opsie Basies en M-Med Opsie
Discovery Health
Posbus 784262
Sandton
2146

2.5 Beleggingsbestuurders gedurende die jaar

Investec
Posbus 1655
Kaapstad
8000

Allan Gray
Posbus 51318
V&A Waterfront
Kaapstad
8002

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

Coronation	Posbus 993 Kaapstad 8000
Prescient	Posbus 31142 Tokai 7966

2.6 Aktuaris

Alexander Forbes Health	(Johannesburg)	Posbus 61703 Marshalltown 2107
	(Stellenbosch)	Posbus 700 Stellenbosch 7599

2.7 Ouditeur

PricewaterhouseCoopers Ing	Posbus 2799 Kaapstad 8000
----------------------------	---------------------------------

3. FONDS SE BELEGGINGSBELEID

Die Fonds se beleggingsdoelwitte is om, binne die beperkings van die beleggingsriglyne in die Wet op Mediese Fondse, langtermyn reële opbrengste op beleggings te behaal.

Die Beleggingssubkomitee het in 2010 twee keer vergader. Die komitee se mandaat is om te verseker dat:

- die Fonds se likiditeit hoog genoeg is;
- beleggingstoewysings die maksimum opbrengste binne die grense van die Fonds se beleggingsbeleid nastreef. Hierdie grense is daarop gemik om te verseker dat die Fonds deurentyd aan die Wet voldoen en dat die Fonds se reserwes tydens negatiewe marktoestande beskerm word; en
- daar gereeld verslag oor beleggingsprestasie en aanbevelings aan die Raad van Trustees gelewer word.

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

Die Fonds het in 2010 in aandele en kontantinstrumente belê. Die beleggingsbeleid word gereeld hersien, met inagneming van voldoening aan die Wet, die risiko en opbrengste van die verskillende beleggingsinstrumente en die surplusfondse wat beskikbaar is.

Beleggings in British American Tobacco-aandele (BTI)

Weens die ontbondeling van Remgro en Richemont (die Rembrandt-groep), het die Naspers Mediese Fonds nou BTI-aandele deur sy gepoelde produkte (by Coronation en Allan Gray). Dit beteken dat die Fonds aandele besit wat as "aandele in gebiede buite die Republiek" geklassifiseer word en nie deur die Wet op Mediese Skemas toegelaat word nie tensy die Registrateur van Mediese Skemas die Fonds vrystel van voldoening aan hierdie wetlike vereiste.

Verlengde vrystelling tot 31 Oktober 2012 is deur die Registrateur van Mediese Skemas toegestaan, teen welke datum die Fonds van sy BTI-aandele ontslae moet raak.

4. BESTUUR VAN VERSEKERINGSRISIKO

Die primêre versekeringsaktiwiteit van die Fonds aanvaar die risiko van die verlies van lede en hul afhanklikes wat regstreeks aan die risiko blootgestel is. Hierdie risiko het betrekking op die gesondheid van Fondsledes. As sodanig is die Fonds aan onsekerheid weens die tydsberekening en ernstigheidsgraad van eise binne die kontrak blootgestel.

Die Fonds bestuur sy versekeringsrisiko deur voordeelperke en subperke, goedkeuringsprosedures vir transaksies waarby prysriglyne betrokke is, voorafmagtiging en gevallestuur, profielbepaling van diensverskaffers en die monitering van kwessies wat opduik.

Die Fonds gebruik verskeie metodes om versekeringsrisikoblootstellings weens individuele tipes versekerde risiko en algemene risiko's te beoordeel en te monitor. Hierdie metodes sluit interne risikometingsmodelle, sensitiwiteitsontledings, scenario-ontledings en strestoetsing in. Waarskynlikheidsteorieë word op prysbepaling en voorsiening vir 'n portefeulje van versekeringskontrakte toegepas. Die grootste risiko is dat die tempo en omvang van eise groter kan wees as wat verwag word.

Versekeringsgebeurtenisse is toevallig van aard, en die werklike getal en omvang van gebeurtenisse gedurende enige jaar kan verskil van die ramings wat vooraf met statistiese tegnieke verkry is. Daar was geen veranderings aan die aannames wat gebruik word om versekeringsbates en -laste wat 'n wesenlike uitwerking op die finansiële state het, te bepaal nie, en daar is geen bepalinge en voorwaardes van versekeringskontrakte wat 'n wesenlike uitwerking op die bedrag, tydsberekening en onsekerheid van die Fonds se kontantvloeï het nie.

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

5. OORSIG VAN DIE JAAR SE WERKSAAMHEDE

5.1 Bedryfsstatistiek vir 2010

	N Opsie Plus	N Opsie Basies	M-Med Opsie	Totale Fonds
Aantal lede op 31 Desember	3 407	923	2 879	7 209
Gemiddelde aantal lede gedurende die jaar	3 581	852	2 541	6 974
Aantal begunstigdes op 31 Desember	6 599	1 589	5 686	13 874
Gemiddelde aantal begunstigdes gedurende die jaar	7 035	1 460	5 377	13 872
Verhouding van afhanklikes op 31 Desember	48.4%	41.9%	49.4%	48.0%
Gemiddelde netto bydrae per lid per maand	1 949	987	1 650	1 723
Gemiddelde netto bydrae per begunstigde per maand	992	576	780	866
Toepaslike gesondheidsorgbesteding as 'n persentasie van bruto bydraes	75.0%	66.9%	69.7%	72.5%
Nie-gesondheidsorg-uitgawes as 'n persentasie van bruto bydraes ¹	8.8%	23.4%	10.8%	10.4%
Gemiddelde ouderdom	36.8	25.7	25.1	30.7
Verhouding van pensioenarisse ²	26.4%	1.4%	2.3%	13.6%
Chroniese profiel ³	30.8%	3.1%	8.5%	18.5%
Administrasiekoste as 'n persentasie van bruto bydraes	6.0%	15.8%	8.5%	7.5%
Bestuurde gesondheidsorg as 'n persentasie van bruto bydraes	2.6%	6.9%	2.1%	2.7%
Gemiddelde opgehoopte fondse per lid op 31 Desember (ongerealiseerde wins op beleggings ingesluit)	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	15 765
Bedrag aan administrateur betaal	0	0	5 227 508	5 227 508
Aantal nuwe lede wat gedurende die jaar aangesluit het	414	544	845	1803
Aantal lede wat gedurende die jaar die Fonds verlaat het	573	220	245	1038
Opbrengs op beleggings as % van beleggings	N.V.T.	N.V.T.	N.V.T.	9.4%

Notas:

- ¹ Interne administrasiegelde en ander derdeparty-gelde word tans volgens lidmaatskap tussen die N Opsie Plus en N Opsie Basies toegeedeel. Dit beteken lede van die N Opsie Plus en N Opsie Basies het dieselfde nie-gesondheidsorg-uitgawe per lid per maand. Die gemiddelde bydrae per lid per maand vir lede van die N Opsie Basies is egter heelwat laer as dié van lede van die N Opsie Plus. Nie-gesondheidsorg-uitgawes as 'n persentasie van bydraes vir die N Opsie Basies is dus heelwat hoër as dié van die N Opsie Plus.
- ² Die pensioenarisverhouding van die N Opsie Plus het sedert 2009 gestyg, as gevolg van veranderings in lidmaatskap. Dit het meegebring dat die gemiddelde ouderdom van N Opsie Plus se lede toegeneem het.
- ³ Chroniese profiel: Die aantal begunstigdes wat vir 'n chroniese toestand geregistreer is, op 31 Desember, as 'n persentasie van alle begunstigdes op 31 Desember. Die skerp styging op die N Opsies is as gevolg van lede se registrasie vir chroniese medikasie waar hulle dit voorheen as akute medisyne geëis het.

Die Raad van Trustees se verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2010

Bedryfstatistiek vir 2009

	N Opsie Plus	N Opsie Basies	M-Med Opsie	Totale Fonds
